Tema: Werk elke dag vir die Here!

Lofsang met die oog op die erediens
Ps. 107 - 1: 1,4,18
Lied 466:1,2,3

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps. 145 - 1: 9
Votum
Seën
Loflied Ps. 105 - 1: 1,2,3,4
Geloofsbelydenis: 12 Artikels

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing: Eksodus 20: 15
HK Sondag 42, vr. 110 en 111
Sing Sb 17 - 1: 5,6
Gebed

Woorddiens
Skriflesing : Kolossense 3: 16 - 17 en 3: 22 - 4: 1
Teks: Kol. 3: 23 - 24
Sing Ps. 112 - 2: 1,2,3
Woordverkondiging.

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Sing Ps. 127 - 2: 1,2 (Tweede melodie)
Seën
Amenlied Sb13 - 2.

Geliefde brs en srs en kinders

More moet jy weer werk toe! Waarom gaan jy more vroeg opstaan om te gaan werk of om skool of universiteit toe te gaan? Wat motiveer jou? Wat dryf jou om dag vir dag die uitdagings van die kantoor, die plaas, die lesinglokaal of klaskamer aan te pak?
Sommige (dalk die meerderheid mense) sal sê: ek doen dit omdat ek ŉ salaris moet verdien om te kan leef. Ek moet my gesin onderhou, rekeninge betaal en werk om vir my aftrede te voorsien. Die skoliere en studente sal sê: ek moet leer om eendag ŉ werk te kan doen!

Die Here leer ons vanmore om te sê: ons doen dit omdat ons elke dag vir die Here werk! My werk is nie maar net ŉ manier om te oorleef nie, dis my diens aan die Here! Ek werk nie vir myself of vir my baas nie, ek werk vir die Here! Die boek Kolossense laat val die baie klem op Christus wat eerste in alles staan – ook in my daaglikse werk.
Geliefdes: wie sy of haar daaglikse werk nie so sien en beleef nie - bly slaaf van die sonde en is nie slaaf of slavin van Christus nie!

Ons leef in ŉ samelewing wat nie meer positief staan oor die feit dat ‘n mens daaglikse werk moet doen nie! Werk word al hoe meer as ‘n onnodige las en selfs as ‘n straf beskou en mense sal alles sal doen om net nie te werk nie! Ons hoor dit ook in die manier waarop ons onder mekaar praat, bv: “Ek leef net vir naweke!” of “Ek haat my werk”.

Midde hierdie situasie sê die Here vir ons: Ek staan Eerste in julle daaglikse werk en daarom is die boodskap: Ons werk elke dag vir die Here.

Of om die taal van ons teks te gebruik: Ons is slawe van Jesus Christus. Hy is my werkgewer en Hy beloon my.
My werk is:
1.eerstens ŉ opdrag van die Here en
2. tweedens ook ŉ gawe uit sy hand.

Br en sr, hierdie boodskap bepaal hoe ons ons werk- en lewensomstandighede beskou en beleef en daarom moet elkeen van ons onsself afvra: werk ek vir die Here? Sien ek my daaglikse roeping asof ek dit vir Hom doen of is daar ander redes waarom ek werk?

Kom ons kyk eerstens na ons werk as ŉ opdrag van die Here.
Ons weet alreeds uit Gen. 1 - 2 dat werk ŉ opdrag van die Here aan elke mens is. Die Here het vir Adam en Eva ŉ werksopdrag gegee en dit geld vir alle mense. Ook in die Here se wet – Eksodus 20 - leer ons dat ons ses dae moet werk en een dag moet rus. Ons weet ook dat die sondeval van werk ŉ moeite gemaak het – die vreugde van werk is vervang met die sweet en moeite wat daarmee gepaard gaan.

Maar ons weet ook dat ons as nuwe mense in Christus weer die vreugdemotief teruggekry het. Christus het ook die straf van werk vir my betaal sodat die moeite en

sweet van werk nie my lewe kan beheers nie, maar dat Christus my lewe beheers! Hy staan nou eerste in my lewe en ek dien Hom! Dit is die wonderlike nuus van die evangelie! Ek kan nou in Christus oor my werk heers – my werk heers nie meer oor my nie.

Ons kan nou weer vreugde in ons werk beleef - nie volmaak nie, want ons swoeg en sweet steeds in ons werk - maar ons nou ŉ nuwe perspektief op ons werk : ons werk is nie meer straf nie – ons is nie meer slawe van die sonde nie – maar slawe van Christus : ons werk en leef vir die Here. Hy staan sentraal in my denke oor my werk!
Kom ons pas dit toe:
Bv: as predikant staan ek nie in diens van die gemeente nie, ek staan in diens van die Here. Net so kan jy sê: ek werk nie vir die universiteit nie, ek werk nie die firma of besigheid nie, ek werk nie vir die myn nie, ek werk ook nie vir myself as boer of prokureur of besigheidsman nie – ek werk vir die Here.

Hy is my eerste werkgewer. Hy gee my die opdrag om te werk – of dit nou by die universiteit is, as student of dosent, as werkgewer of werknemer van ŉ besigheid of as boer op ŉ plaas: Ek werk vir die Here.

Brs en srs, hierdie is ŉ wonderlike bevrydende perspektief. Dit is hierdie perspektief wat so bevrydend was veral vir die slawe of werknemers in Paulus se tyd. In daardie tyd was slawe-arbeid byna die norm vir arbeiders. Mense het slawe geword by wyse van gevangenis in ŉ oorlog, of by wyse van skuld wat hulle nie kon betaal nie, of hulle is doodgewoon gekoop of is gebore as slawe se kinders en dan was hulle slawe vir die res van hulle lewe totdat hulle dalk hulleself weer kon vrykoop. Hulle lewe was dus letterlik in die hande van hulle eienaars.

En die meeste slawe het nie vir geld gewerk nie, hulle het gewerk om te leef – om te kan eet en bly en beskerm te word. Slawe kon ook nie eiendom besit nie en ook nie erf nie. Hulle is dikwels baie uitgebuit, verskriklik mishandel en selfs doodgemaak deur hulle eienaars. Ook mense wat hulleself uitgehuur het aan ander as werknemers, is dikwels swak betaal, misbruik en onbillik behandel.

En nou sê die Here vir hulle en vir ons: jy werk as gelowige werknemer nie meer vir jou baas nie, nou werk jy vir My. Ek is jou werkgewer. In vers 25 sê die Here: Ek behandel alle mense gelyk en regverdig. Ek vergoed elkeen billik na gelang van jou arbeid. Ek sal jou regverdig behandel. Die Here sal nie toelaat dat onreg bly geld nie, Hy sal ook die wat onreg doen, werknemers sowel as werkgewers, tot orde roep.

In die lig hiervan sê die Here dan vir elkeen wat werk die volgende 3 dinge:

**1.** Werk nou met die regte gesindheid. Doen nou jou werk asof jy dit direk vir my doen en nie vir jou baas of werkgewer nie. Kyk verby jou werkgewer en sien my raak.

Moenie jou werk doen net om deur jou baas raakgesien te word nie. Die oorspronklike taal sê: moenie “oëdiens” doen nie. Dis mooi gesê, nê? Oëdiens – met die oë baie gehoorsaam en toegewyd, maar in die hart verbitter en verontreg. Of om net jou werk te doen wanneer die baas kyk nie. Met ander woorde: dat ek my werk doen net omdat ek daarvan verslag moet doen nie.

Ons skoolkinders en studente kan vra: leer ek net om net deur te kom of lewer ek my beste vir die Here? As studente het ons dikwels gesê: 50% is deur en 51 % is ’n onderskeiding: is dit regtig waar in die oë van die Here?

Die Here sê daarom: moenie jou werk doen net om jou baas te behaag nie. Maar doen dit om die Here te behaag. Dat dit vir die Here goed en aanneemlik gedoen is. Want dan doen ek my beste - al kyk my aardse baas nie – ek is nog steeds getrou.

2. Werk hard. Sodat ek nie nodig het om te steel nie! Ons het dit gehoor in die vyfde gebod. Wees in alles gehoorsaam en doen jou werk getrou. Die “in alles” gehoorsaam weet ons het ook ’n beperking. In die lig van Hand 5 : 29 weet ons dat ek my aardse baas in alles gehoorsaam moet wees in soverre ek daarmee ook aan my hemelse baas gehoorsaam is. As my werkgewer iets van my verwag wat nie die Here se goedkeuring wegdra nie- dan mag ek nie aan my aardse werkgewer gehoorsaam wees nie. In vandag se lewe – in harde besigheid – word daar dikwels van werknemers verwag om onetiese dinge te doen ter wille van die geldelike voordeel van die werkgewer. Daaraan mag ’n gelowige nooit deelneem nie.

Daar is ook ’n ander manier waarop werkgewers of onsself verkeerd optree en dit gebeur wanneer ons so hard werk asof ons harde werk asof ons harde werk die rede is dat die Here sorg! Dat die eise van my werk my so in beslag neem dat ek my gesin, my huwelik of my geestelike lewe daardeur laat skade lei. Dan was ek ook ongehoorsaam aan my hemelse Werkgewer. Dis nie harde werk wat inkomste en versorging gee nie – dit is die Here! Daaroor gaan ons vanaand verder dink!

3. Derdens se die Here sê vir ons wat werk: verduur onreg as dit moet – ter wille van die Here. In 1 Petrus 2 : 18 sê die Here: “Bediendes, onderwerp julle met die nodige ontsag aan julle werkgewers, of hulle nou goedhartig en vriendelik is, of onredelik. 19Dit is genade as iemand die pyn van onverdiende lyding verduur omdat hy aan God getrou wil wees. 20As julle gestraf word wanneer julle oortree het, watter verdienste is daarin as julle dit verdra? Maar om lyding te verdra wanneer julle goed doen, dit is genade van God. 21Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle gely en so vir julle ’n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy voetspore kan volg.”

Omdat ek vir die Here werk – verduur ek ook onreg ter wille van Sy Naam. Onreg soos om in die werksituasie beledig te word of swakker behandel te word omdat ek die Here dien. OF omdat ek my werk getrou doen – word daar al hoe meer vir my gegee!

Hierdie beginsel geld ook omgekeerd in besonder vir werkgewers. Die van ons wat mense in ons diens het. Of dit nou slegs ’n huisbediende is, tuinier, werknemers, plaasarbeiders. Die Here sê: ons moet ons werknemers billik en regverdig behandel. Ons moet met ’n goeie gesindheid teenoor hulle optree – nie net om ons sakebelange te dien nie – maar ook die welwese van ons werknemers.

Brs en srs, kom ons weeg nou ons werk en lewe in die lig van hierdie eerste beginsel:
Kom die Here eerste in myt lewe? Werk ek vir die Here? Is ek getrou en lewer ek my beste ? As werknemer, as studente, skolier, as werkgewer? Bepaal hierdie boodskap van die Here elke dag my gesindheid as ek werk toe gaan of as ek ’n opdrag kry om te doen. Hoe behandel ek my werknemers? Was ek in alles billik en regverdig?

Brs en srs, julle wat nie meer in ’n aktiewe beroep staan nie – dalk al afgetree is: die vraag is: Hoe bring ek my tyd deur? Het ek my tyd ook positief benut om tot eer van die Here te lewe. Leef ek net om my eie behoeftes te bevredig? Of gebruik ek my gawes en tyd steeds in diens van die Here? Of beskou ek aftreetyd as my tyd wat ek kan doen wat ek wil?

Die tweede beginsel wat na vore kom uit die feit dat ons vir die Here werk is: dat ons werk ook ’n gawe uit God se hand is.
Die Here sê hier vir slawe, wat nie eers vir ’n salaris gewerk het nie, hulle moet so toegewyd en getrou werk, want Hy sal hulle eendag beloon met ’n hemelse erfenis.

Kan ons ons indink in so ’n situasie? Hoe dit mense kon motiveer om te werk – al kry hulle nie eers aan die einde van die maand ’n salaris of aan die einde van die jaar ’n bonus nie. Maar hulle geweet: Die Here sorg vir my – my werk is ’n gawe uit sy hand – Hy beloon my uit genade!

Des te meer vir ons wat bevoorreg is om vir ’n salaris te werk! Ek moet onthou: dit is nie die gemeente wat my traktement voorsien nie, dit is die Here. Dit is nie die universiteit wat my betaal of die firma by wie ek voordele geniet nie, of die baie kunsmis of goeie bewerking wat die oes lewer nie – maar die Here betaal my. Hy skenk aan my lewensonderhoud. Hy versorg ons uit liefde.

En net soos die Here ons billik en goed versorg – net so moet elke werkgewer sorg dat hy /sy hulle werknemers billik en goed versorg. As ek mense onder my het en ek betaal hulle salarisse – dan moet ek onthou: ek staan ook onder ’n Here, ek staan ook onder my Baas in die hemel en teenoor Hom moet ek rekenskap doen dat ek my werknemers regverdig en billik versorg het.

Kom ons vra dan nou: werk ek net omdat ek daarvoor betaal word? Of werk ek met die hemelse beloning in die oog? Werk met die oog op die erfporsie wat my Here ook aan my belowe het: om deur God beloon te word! Of werk ek net om raakgesien te word en erkenning te kry? Werk of studeer ek dalk net om groter status in die lewe te verwerf? Studeer ek net om te slaag of om by beste vir die Here te gee?

En as ek dalk nie werk het nie? Nie werk kan kry nie? Geliefde br en sr, weet dan ook dat die Here vir jou sal sorg – op ander maniere! Die Here het beloof dat sy kinders nooit broodgebrek sal ly nie!

Geliefdes, kom ons gryp weer vas aan hierdie waarheid: Ons werk vir die Here! Hoeveel troos en genade is daar nie vir ons in opgesluit nie! Watter wonderlike perspektief is dit nie vir mense in moeilike werksomstandighede nie! Watter troos is dit nie om te weet die Here sal vir ons sorg nie – ons sorg is nie van mense afhanklik nie!

Nee, Christus het ons kom losmaak van slawerny van werk en van mense! Ons is nou sy slawe en Hy sal vir ons sorg – dit het Hy beloof! As Hy dan vir die voëls en die diere van die veld sorg – hoeveel te meer vir my en jou wat sy kinders is?

Wanneer jy dan more oggend opstaan om die week se werk te begin: gaan werk vir die Here en kyk hoe Hy jou lewe met hierdie perspektief verander.

Amen